
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 24




Die eerste sarsie dreun van Moran se vlagskip af. Die grofgeskut val egter nog ver kort. Op daardie oomblik slaan die wit rook by die geskutpoorte van die handelsvaarders voor hulle uit. 'n Oomblik later weergalm die donderende slag in hulle ore. Tot Oloff se verligting plas die koeels digby die handelskip in die see.
Sias gooi die roer na bakboord. Die Seewraak hel oor, weg van die handelsvaarders af. 'n Trilling gaan deur die houtwerk toe 'n volle laag afgevuur word. Oloff kan die koeels nie sien nie, maar hy hoor die gesuis daarvan en glimlag toe een van Moran se kapers anderkant die handelsvloot onder die slag van die swaar koeels sidder.

Stofomslag Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 24



## Hoofstuk 1

"Seile op die horison!" skreeu die wag op die rand van die kranse aan die punt van die landengte wat langs die mond van die Ligonjarivier die see insteek asof dit die vars water nog so 'n entjie wil vergesel.

"Seile op die kim!" herhaal die brandwag by die klein battery teen die hang van die landengte die tyding luidkeels.

"Kapers op die kim!" mompel 'n jong man op die kruin van 'n heuwel aan die oorkant van die rivier waar hy die naderende skepe deur 'n verkyker dophou. "Dis eintlik wat hulle behoort te sê," want hy kon die uitroep van oorkant duidelik in die stilte voor aandskemering hoor.

Daar is vyf driemasters statig teen die lug afgebeeld. Die seile is swart soos die romp van die skepe. Die jong man skud sy kop onrustig en stap teen die helling af.

Hy steek die rivier met die swaaibrug oor, en sluit by die klomp mense op die kaai langs die waterkant aan. 'n Opgewonde gebrom van stemme weerklink oor die watervlak van die stil, diep-vloeiende rivier. Alhoewel besoekende skepe geensins 'n seldsame verskynsel by die nedersetting is nie, bly dit nogtans geleenthede van afleiding in die rustige bestaan van die florerende gemeenskap van Moma aan die ooskus van Afrika.

"Heel waarskynlik is dit die vragskepe," merk 'n visserman op waar hy tussen 'n groep jong mans staan.

"Dit moet wees," meen 'n ander. Hy is 'n myner en behoort te weet. "Die pakkamers is tot oorlopens toe vol. Dit is tyd dat die gouderts verskeep word."

"Maar ek het van een van die bediendes by die residensie verneem dat die Goewerneur die skepe eers volgende week verwag," sê 'n derde.

"Maar vra vir Tier!" roep die eerste uit toe hy die jong man raaksien wat pas oor die rivier na hulle toe aangestap gekom het.

"Ja, Tier behoort te weet. Hy en sy verkyker is mos boesemvriende."

"Jy het seker weer daarbo op die bult gaan lê om die branders te bespied," terg 'n ander myner. "Die soort tydverdryf wat party mense darem kies!"

Tier van Heerden glimlag. Hy is groot van gestalte en frisgebou,

maar sy bewegings is vlug soos dié van 'n atleet en daar is menigeen wat al kennis gemaak het met sy ratse krag - tot hul verdriet. Maar sy glimlag is vriendelik, oop en eerlik. Dit laat sy neus opkreukel en maak kinkels in die groot, ronde sproete oor die brug van sy neus en onder sy oë langs - die sproete wat hom die bynaam van Tier besorg het.

"Dit is vyf skepe met swart seile," antwoord hy bedaard.

"Watter soort skepe?"

"Hulle is te ver; ek kan nie sien nie."

"Dis 'n kompliment vir jou verkyker," spot 'n visser.

Tier haal net sy skouers op. Wat hierdie mense betref, is hy maar 'n myner wat in die goudmyne van Moma kom werk soek het. Hy kom goed met hulle oor die weg want hulle is 'n aangename, gesellige klomp. Almal leef in voorspoed en daarom heers daar 'n stemming van aangename tevredenheid onder die mense in die dorpie op die oewer van die Ligonja aan die voet van die hange waaruit die erts gegrawe word.

Hy verwittig hulle nie van sy vermoedens nie. Wat hulle betref, beteken die besoek van skepe nuus uit die buiteland en 'n paar besige dae vir die handelaars.

"Ek kom nou-nou weer!" roep hy die groep toe en stap met die breë voetpad langs teen die hang uit na die battery.

Hy kom met almal goed oor die weg en tog is hy nie heeltemal gelukkig hier in Moma nie. Hoe vriendelik hulle ook al mag wees, is hulle nog nie sý soort mense nie. Nog minder is hy in die wieg gelê om gouderts te grawe.

Maar kaptein Oloff het hom hierheen gestuur en Tier van Heerden is sy lewe aan Oloff die Seerower verskuldig - net soos elke ander lid van die bemanning van die Seewraak en die Jansje Meer, die twee pragskepe waaruit die vloot van Oloff van Wagenaar bestaan. Kaptein Oloff het hom versoek om hom hier te kom vestig omdat gerugte Wagenaarsrust bereik het dat daar 'n herlewing van kaperbedrywighede om die Indiese Oseaan is. Na talle ander hawestede en dorpe langs die ooskus het Oloff van sy uitgesoekte manne gestuur. Hy verlang eerstehandse inligting omtrent die nuwe seerowereuwel.

Daarom murmureer Tier nie. Saam met Oloff en al die ander het





hy 'n eed geneem om sy lewe daaraan te wy om die handelsroetes van die see vir vreedsame skeepvaart te beveilig. Die hele gemeenskap van Wagenaarsrust beywer hulle vir dié lewenstaak.

Tier ken Oloff die Seerower se geskiedenis; 'n Paar jaar gelede is Oloff se vader, 'n ryk koopman van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap die Goeie Hoop wreed deur seerowers vermoor. Oloff het die woestaards agternagesit. Hy het daarin geslaag om twee skepe wat kort vantevore in seerowerhande geval het, te buit. Oloff het die bemannings saamgestel uit slawe wat hy bevry het, gevangenes wat hy uit die kerkers van seerowerkampe gered het en drenkelinge van vaartuie wat deur die kapers aangeval is en waar Oloff te laat op die toneel verskyn het om die slag te voorkom.

Oloff het verskeie veranderings aan die Seewraak en die Jansje Meer gemaak, sodat dit van die vinnigste skepe op die oopsee is.

Oloff het hom as 'n seerower in Deelenbaai, die grootste en berugste vergaderplek van kaperkapteins, gevestig, sodat hy makliker hul planne kon agterkom en dit dwarsboom. Tog het die dikwels gebeur dat hy die verraderlike aanvalle nie kon verhoed nie. Hy het te laat op die toneel verskyn en moes dan haastig padgee om te verhoed dat die seerowers agterkom dat hy hulle in die rug probeer steek. So het die gebeur dat talle van die misdade van ander aan hom toegeskryf is en die naam van Oloff die Seerower het 'n legende geword - 'n legende van roekeloosheid en wreedheid.

Maar uiteindelik het Oloff sy onskuld bewys en hy is verhef tot erekaptein in die vloot van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie. Hy het daarin geslaag om Deelenbaai te verwoes en 'n verlammende knak aan seerowerbedrywighede op die Indiese Oseaan toe te dien.

Hy en sy manskappe het toe vir hulle 'n rustige nedersetting by die mond van die Karsrivier aan die suidelikste punt van Afrika gebou. Daar leef hulle met hul gesinne onder die bekwame en beminde leierskap van Oloff van Wagenaar. Maar as daar tyding kom dat seerowers op die een of die ander plek gewaar is - waar ook al op die see van die aardbol - dan het die mans gejubel en het hulle singend en laggend die twee skepe vol voorrade gelaai, die seile gespan en weer die rol van die dek onder hulle voete en die sout

skuimspatsels van die branders op hul lippe gevoel en nooit het hulle na Wagenaarsrust teruggekeer sonder dat hulle die kapers opgespoor en vernietig het nie.

Daarom is Tier van Heerden nou hier. Oloff wil weet in watter gebied die vreemde kapers hul gruweldade pleeg. En dit wil voorkom asof Tier vanaand nog 'n boodskap na Wagenaarsrust sal kan stuur.

"Waar dink jy gaan jy heen?" roep 'n wag by die batterypoort hom vriendelik toe. Almal ken en hou van Tier.

"Ek wil 'n bietjie met jou kommandant gesels," werp Tier laggend terug. "Ek het so 'n stukkie nuus vir hom."

"Daar is skepe in aantog," antwoord die wag. "Julle myners word dan nie in ons fort toegelaat nie."

"Fort!" roep Tier uit. "Noem jy hierdie opstalletjie 'n fort?"

"Ons sal sien. Wag maar tot iemand dwaas genoeg is om 'n aanval op Moma te waag!"

"In elk geval, waar is jou kommandant?"

"Hy is hierbinne. Soos gewoonlik word alle kanonne in gereedheid gebring en gelaai. 'n Mens weet nooit."

"Dis die moeilikheid," sê Tier droog. "Baie mense weet nooit."

"Toe, hou op met jou slimmigheid. Stap gou deur. Ek hoop net jou boodskap is belangrik genoeg. Die kaptein hou nie daarvan om in die uitvoering van sy pligte gesteur te word nie."

"Dis juis oor sy plig wat ek wil gesels."

Tier wuif. Hy stap deur die klein binneplaas en deur die gang in die barakke en pakkamers. Hy klim met die trap op na die borswering waar die jong kommandant vinnige, maar duidelik bevele uitroep. Hy wuif toe hy vir Tier sien.

"Soek jy moeilikheid of wat?" verneem hy opgewek.

"Ek weet nie. Moeilikheid kom gewoonlik sonder dat 'n mens daarvoor soek."

"En wat bedoel jy daarby?"

"Daardie vyf skepe. Het jy hulle swart seile gesien?"

"Ja. Wat is daarmee verkeerd?"

"Hulle hou nie daarvan om in die donkerte gesien te word nie."

"Waarop sinspeel jy Tier?"

"Ek sê maar net. Hulle kom so openlik en op hulle gemak hier aan, maar ek dink hulle weet dat ons binnekort 'n paar vragskepe verwag om 'n groot lading gouderts te verwyder."

"En waarom kan hierdie nie die vragskepe wees nie?"

"Ek het nie gesê dit kan nie. Al wat ek wel gesê het, is dat hulle dalk nie die vragskepe is nie."

Die kommandant frons liggies. Dan klik hy met sy tong en knik goedkeurend vir Tier.

"Ons sal op ons hoede wees. Dankie vir die mooi gedagte, Tier."

"Dis 'n plesier!" roep Tier oor sy skouer terug. "Dit spyt my dat ek jou moes kom ontstel."

Na 'n kort woordewisseling met die wag by die poort, stap hy teen die hang af na die kaai toe. Miskien sou hy ook nie soveel aandag aan die vyf skepe gegee het nie, maar hy is immers hier juis omdat Oloff van mening is dat die kapers in dié omtrek bedrywig is.

Die skare op die kaai het aangegroei. Tier sluit by 'n groepie vriende aan. Hy wil hulle graag aanraai om van die waterkant af pad te gee en om hulle te gaan gereed maak vir geval hulle hulself moet verdedig. Maar miskien jaag hy hulle net verniet die skrik op die lyf. Dalk is sy vermoede ongegrond. Sy plig is net om die boodskap na Oloff te stuur. Daarna, indien hulle wel aangeval word, sal hy sy lot by die inwoners van Moma inwerp en saam met hulle veg.

Die vyf skepe is nou naby, skaars 'n kwartmyl van die riviermond af. Maar die skemering het ook gedaal en soos Tier opgemerk het, smelt die swart gedaantes in die aandskadu weg. Omdat hulle moeilik sigbaar is, sal hulle maar swak teikens wees vir die kanonne van die battery.

Sonder waarskuwing bulder die bakboordkanonne van die voorste skepe. Die stuurmanne het die roer effens na stuurboord gegooi en die twee volle lae slaan teen die helling om die battery vas. Die rooi kruitvlamme verlig die donker rompe vir 'n oomblik.

Die vrouens op die waterkant gil van die skrik. Bo van die battery af dreun 'n salwo.

"Na julle huise!" skreeu Tier dringend. "Bewapen julle en kom terug sodat ons hulle hier teen die water probeer afweer. Dit sal die vrouens en kinders geleentheid gee om die berge in te vlug."

Hy self nael vir al wat hy werd is na die enigste herberg in die

dorp waar hy tuis gaan. Hy spring met die trap op na sy kamer en pluk twee pistole uit 'n laai. Hy gord sy sabel om sy middellyf en raap 'n paar sakkies koeëls en kruit op.

Dan stap hy na die tafel langs die venster waarop die kou met die duif daarin staan. Hy wil die deurtjie net oopmaak toe hy homself bedwing. Om die been van die duif is reeds 'n briefie vasgemaak. Maar nou dink hy daaraan dat hy miskien iets omtrent die aanvallers kan leer en dat hy die inligting by die briefie kan voeg.

Hy sal net versigtig moet wees en sorg dat hy nie beseer word nie, want dan sal hy sy taak nie kan uitvoer nie. Hy storm weer met die trap af. Hy is van die eerstes weer buite op die straat, maar by talle deure borrel vrouens met bondeltjies van die noodsaaklike benodighede op die rug uit. Hy roep hulle aanmoedigende opmerkings toe en hardloop in die straat af tot op die kaai. Die mans van Moma sluit by hom aan.

Intussen het hy gehoor hoe 'n tweede en 'n derde sarsie afgevuur is en tot sy ontsteltenis merk hy dat daar groot gapings is in die ry flitse van die borswering af toe die battery die grofgeskud beantwoord.

Die volgende oomblik skreeu hy waarskuwend en gooi homself plat op die grond. Die eerste skip is hier skuins voor hulle en voordat die donderslag van die skote op hulle ore val, flits die kruitvlamme uit die geskutspoorte uit. Oor hul koppe fluit die koeëls en dit slaan en kras teen die huise vas. 'n Paar ploeg in die strate op en tussen die vlugtende vrouens en kinders in.

Tier kyk angstig oor sy skouer. Die herberg mag getref word en dan sal die duif daarmee heen wees. 'n Gebou aan die oorkant van die herberg slaan in ligtelaaie uit.

Hy spring op. Hy aarsel 'n oomblik en toe fluit die koeëls van kleingewere en pistole om hom heen. Met barbaarse oorlogskrete spring die seerowers oor die kant van die skip en spartel na die vlak water.

Die handjievol verdedigers tree hulle tegemoet. Hul uiter nie 'n geluid nie en hulle kake is vasberade saamgeklem.

Maar met die eerste oogopslag besef Tier dat dit 'n hopelose stryd is. Vier van die seerowers storm op hom af. Tier trek die sneller van die pistool in sy linkerhand. Een van hulle kap om,





maar die ander drie storm aan sonder die minste aarseling. Met 'n paar kragtige houe van sy lang swaardarm laat Tier hulle in hul spore vassteek. Blykbaar het hulle nie verwag om teen so 'n gedugte teenstander te staan te kom nie.

Tier aarsel egter nie. Hy spring om en nael in die straat op. Dit was in alle geval dwaas om die duif nie dadelik los te gelaat het nie.

Die rumoer agter hom is oorverdowend. Nog 'n sarsie grofgeskud fluit die dorpie in. Dan word dit gestaak, want die seerowers dring tussen die huise in en hulle sal dus self getref word.

Daar is 'n klompie van hulle kort op Tier se hakke. Hy hardloop onder hulle uit en skop die voordeur van die herberg agter hom toe. Hy spring teen die trap op, maar skaars bereik hy sy kamerdeur of hoor hy hoe die voordeur oopbars. Daar brand 'n lig in die voorportaal en die seerowers bespied hom dadelik. Soos 'n trop wolwe storm hulle agter hom aan.

Hy grendel die kamerdeur. Met twee tree bereik hy die venster. Sy hand bewe toe hy die deurtjie van die kou oopmaak en na die duif daarbinne gryp. Die voël het egter geskrik. Hy spring rond na die hoeke van die kou en klap sy vlerke beangs.

Toe Tier se tastende vingers hom aan die een vlerk beetkry, breek en kraak die deur agter hom onder die gewig van 'n paar mans wat hulle daarteen werp. Haastig pluk Tier die stomme voël uit die kou en die duif piep skril van vrees.

Maar dan is hy uit. Tier swaai sy arm om die duif deur die venster te gooi toe die skoot knal en 'n hou hom soos 'n vuisslag teen die linkerskouer tref. Dit slinger hom teen die muur waar hy stadig inmekaar sak.

Die seerowers skreeu van tevredenheid en wil op hom afduik toe een van hulle die duif gewaar. Die arme voëltjie het uit Tier se slap greep losgeruk, maar ongelukkig teen een van die ruite vasgevlieg. Hy fladder nou rigtingloos teen die plafon rond.

"Wel! Wel!" roep die seerower opgewek uit. "En wat ontdek ons hier? 'n Nuwerwetse soort posdiens. Vang die voël, kêrels!"

Hy is die stuurman van een van die kapers - dus 'n offisier met gesag. Hulle spring om te gehoorsaam. Dit duur nie lank voordat die hygende duif met wild kloppende hart in een van hulle se palm vasgehou word nie. Die stuurman staan nader en ongeërg, maar

met 'n mate van belangstelling, knoop hy die stukkie papier om die voël se been los. Hy vou dit oop.

"Luister hier manne!" roep hy uit en begin lees:

*Kaptein Oloff, kapers het Moma binnegeval. Indien daar geleentheid is, sal ek byvoeg wie hulle is en waar hulle vandaan kom. Tier.*

Die stuurman tuit sy lippe. "Nou toe nou," merk hy op. "'n Voorbereide briefie vir 'n sekere kaptein Oloff - net om hom so gou as moontlik van ons uittoggie te verwittig. Ek wonder nou wie hy kan wees."

'n Paar van die mans haal hul skouers op. Ander het egter reeds deur die kamer begin rondsnuffel na iets om te buit. Een krap deur die sakke van die stil gestalte daar op die vloer teen die muur. Daarna volg hulle die stuurman na buite. Hulle sprei in die gang uit en begin deur die kamers te soek.

Die stuurman, wat as offisier verseker is van sy deel van die buit, gaan met die trap af. Die straat daar buite is helder verlig deur die vlamme van brandende geboue. Hy herken die forse gestalte van Kromklou Moran, die aanvoerder van die kapervloot. Met lang, selfversekerde treë stap Kromklou deur die dorpie wat reeds feitlik in puin gelê is. Tevrede aanskou hy die verwoesting om hom heen en die slagting wat nog in die systrate plaasvind. Ten spyte van redelike verfynde gelaatstrekke is sy voorkoms en uitdrukking brutaal. Die effense grynslag om sy lippe spreek van gevoelloosheid. Sy breërandhoed het 'n veer aan die een kant, en sy klere is helder en uitspattig.

'n Tree agter hom volg twee jong seuns. Hulle is net so goed geklee, maar tengeriger van gestalte. Sekere gelaatstrekke dui dadelik daarop dat hulle Kromklou se seuns is, maar daar is in hulle blik en hulle hele houding iets wat hulle hemelsbreed van hulle vader laat verskil. Die verfyndheid is ook op hul gelaat, maar dit gaan gepaard met 'n weemoed en afsku in die verrigtinge om hulle. Tog stap hulle fier, alhoewel die een aan die linkerkant soms 'n gebaar van ontsteltenis nie kan bedwing wanneer doodskrete bo die geknetter van die vlamme uitstyg nie.

Hierdie jong knaap se oë soek dan na dié van sy broer asof hy ondersteuning verlang. In antwoord kry hy 'n bemoedigende glimlag en 'n paar blou oë fonkel met vuur en durf in syne.





Die stuurman draf nader en beleefd trek hy Kromklou Moran se aandag. Met sy linkerhand, waarvan die vingers krom saamgetrek is, wink die kaperleier die stuurman nader.

'Wat is dit?" verneem Kromklou bars.

"Een van die kêrels het probeer vlug, kaptein," antwoord die offisier haastig. "Ons het hom gevolg en ontdek toe dat hy die duif uit sy kamer wil loslaat. Hierdie briefie was aan die voël se been vasgemaak.

Kromklou neem die briefie en gaan staan met sy rug na die vlamme sodat hy dit kan lees. Agter hom het die twee seuns en die groepie offisiere wat hulle volg, ook tot stilstand gekom. Die offisiere leun nader uit nuuskierigheid, maar die twee knape kyk ongeërg om hulle heen. Van naderby beskou is die trek van bitterheid om hul lippe duidelik sigbaar en dit wil ook voorkom asof die ongeërgdheid van die slanker een uit 'n soort van hulpelose oorgawe aan sy lot ontstaan. Dit is net die ander wat die seerowers om hom heen met 'n mate van hoogmoedigheid aanskou.

"Oloff die Seerower," sê Kromklou Moran ná 'n rukkie. Die briefie bewe tussen sy vingers. "Oloff die Seerower!" sis hy meteens venynig. "Ek ken hom. Ek het van hom gehoor. Ek weet wie hy is. Hy het sy broers in die rug gesteek. Vandag leef hy soos 'n koning en hy agtervolg 'n ieder en 'n elk wat met die eerbare profesie van seerowery voortgaan." Dan lag hy honend. "Nou gaan hy selfs so ver om spioene die wêreld in te stuur om van sy voormalige kollegas op te spoor sodat hy hulle kan agternasit." Hy bal sy vuis en skud dit in die lug en daar brand 'n gloed van koue haat in sy swart oë. "Dit is tyd dat vriend Oloff sy rieme styf loop. Kom, ons voltooi die briefie om die taak vir hom makliker te maak."

Hulle stap by die herberg in. Die tappery is helder verlig. 'n Paar van die seerowers is reeds agter die toonbank by die wynvate.

"Uit!" bulder Kromklou toe hy dit gewaar. "Loop uit hier, julle vervlakste skuim! Bootsman!" skreeu hy oor sy skouer. "Kettings vir hulle almal! Elke enkele een van hulle word môre gekielhaal -vier keer gekielhaal!"

Die klompie oortreders begin te smeek en te kerm, maar Kromklou Moran draai sy rug op hulle asof hy reeds van hul bestaan vergeet het. Die bootsman en 'n groep seerowers duik op die